Hoërskool McLachlan

Posbus 3
Joubertina
6410

☎ 042-273-1335
🖷 042-273-1210
info@hsmclachlan.co.za
www.hsmclachlan.co.za

NUUSBRIEF 24/01 2019

Geagte Ouers/Voogde

1. **<u>Weeklikse nuusbrief</u>:**
   Ouers/voogde wat aangedui het dat hul die weeklikse nuusbrief in 2019 elektronies wil ontvang, word vriendelik versoek om die skoolsekretaresse te kontak indien hulle nie die nuusbrief elektronies ontvang nie.

2. **<u>ATKV-redenaars</u>:**
   Inskrywings sluit 15 Feb.
   Inskrywingsgeld: R185.00
   Die temas vir 2019 is soos volg:

   <u>Graad 1 tot 3</u>:
   - maniere
   - droom
   - jok

   <u>Graad 4 tot 5</u>:
   - spaar
   - kuns
   - frons

   <u>Graad 6 tot 7</u>:
   (Leerders in hierdie afdeling praat voorbereid en onvoorbereid.)
   - vrees
   - dink
   - dans

   <u>Graad 8 tot 9</u>:
   (Leerders kan kies tussen voorbereid en onvoorbereid.)
   - waarheid
   - beelde
   - deure

   <u>Graad 10 tot 12</u>:
   (Leerders kan kies tussen voorbereid en onvoorbereid.)
   - navigeer
   - toue
   - magnete

INTERNET GENERATION
Igen internet generation
Wireless Internet
www.igen.co.za

3. **Sportnuus**:

Vrydag : 25 Januarie 2019

Laerskool :

Op Vrydag, 25 Januarie 2019, vind die Laerskool Koukamma-atletiekbyeenkoms by Paul Sauer in Kareedouw plaas. Slegs atlete wat 'n eerste of tweede plek by die Langkloof-sonebyeenkoms behaal het, neem aan hierdie byeenkoms deel. Langafstandatlete kwalifiseer met 'n eerste, tweede of derde plek. **Deelnemende atlete het gister hul briewe ontvang en ontvang vandag die program**. Die atletiekbyeenkoms se aanvangstyd het verskuif na 12 :30. Dus is dit 'n middagbyeenkoms.
Daar sal busvervoer vanaf die skool vir die atlete beskikbaar wees. Die bus vertrek om 11:00 vanaf die skool en sal na afloop van die program weer terugkeer op die roete tot in Misgund. Atlete wat van die normale skoolbusroete gebruik wil maak, mag op die roetebus skool toe kom en sal in klasse geakkomodeer word tot 11:00. Atlete wat van privaat vervoer gebruik maak, moet die program deeglik bestudeer en sorg dat hul betyds is om by die spanbestuurder aan te meld.
Alle atlete is self verantwoordelik om 'n halfuur voor hul deelname by hul items aan te meld en moet ook betyds wees vir die aflosse.
Daar sal 'n snoepie beskikbaar wees.
Die res van die laerskool (graad 1-7) mag tuis bly soos op die kwartaalprogram aangedui is.

Hoërskool:

Graad 8-12-leerders sal met 'n normale skooldag voortgaan en die roetebus sal op die normale tyd ry.

Saterdag : 26 Januarie 2019

Op Saterdag, 26 Januarie 2019 , vind die Hoërskool Koukamma-atletiekbyeenkoms by **Hoërskool McLachlan** plaas. Die kwartaalprogram dui aan dat die byeenkoms by Paul Sauer plaasvind, maar dit het intussen na McLachlan verskuif. Slegs atlete wat 'n eerste of tweede plek by die kleuresport behaal het, neem aan hierdie byeenkoms deel. Langafstandatlete kwalifiseer met 'n eerste, tweede of derde plek. Deelnemende atlete het gister hul briewe ontvang en sal vandag hul programme ontvang. Stuur asseblief die afskeurstrokie vir kontrole terug skool toe.
Die atletiekprogram begin stiptelik om 07:00. Alle atlete is self verantwoordelik om 'n halfuur voor hul deelname by hul items aan te meld en moet ook betyds wees vir die aflosse. Atlete moet asb. nie gedurende die dag die veld verlaat nie.
Daar sal 'n snoepie beskikbaar wees.
Daar sal 'n busroete beskikbaar wees vir deelnemende atlete.

Misgund	06:00
Louterwater	06:15
Krakeel	06:25

INTERNET GENERATION
Igen internet generation
Wireless Internet
www.igen.co.za

Die bus sal weer na afloop van die byeenkoms terugkeer op die roete tot in Misgund.
Ouers van kinders wat eerskomende Saterdag as beamptes tydens bg. byeenkoms kan optree, word versoek om die afskeurstrokie te voltooi en môre, 25 Januarie, terug te stuur skool toe. Die hulp van gr. 10-12-leerders, wat nie self deelneem nie, sal ook verwelkom word.

Atletiekoefening tydens skoolure :

Volgende week sal daar weer sportoefeninge ter voorbereiding van die SOK tydens skoolure wees.
Leerders mag op die betrokke dae in die korrekte sportklere skool toe kom.
Maandag : 28 Januarie 2019 – graad 7-12 (Dag6 oefening 07:40-09:00)
Dinsdag : 29 Januarie 2019 – graad 3-7 (Dag 7 periodes 1 en 2 ruil met 8 en 9)
Woensdag : 30 Januarie 2019 – graad 7-12 (Dag 8 oefening 07:40:09:00)
Donderdag : 31 Januarie 2019 – graad 3-7 (Dag 9 periodes 1 en 2 ruil met 8 en 9)

Atletiekoefening na skool:

Dinsdag (29/1) en Donderdag (31/1) om 14:40-15:30. Alle atlete wat kwalifiseer vir SOK moet by alle sportoefeninge wees.

SOK : 2 Februarie 2019

Op Saterdag, 2 Februarie 2019, vind die jaarlikse SOK plaas. Hierdie jaar bied Hoërskool Wittedrift die byeenkoms aan. Alle deelnemende atlete sal volgende week briewe en programme ontvang. Afskeurstrokies moet asseblief deeglik vir kontrole ingevul word.
Die SOK is nie net 'n heerlike geleentheid vir ons atlete om te kompeteer en presteer op die atletiekveld nie, maar hierdie byeenkoms skep ook vir McLachan die geleentheid om te spog met hul skooltrots .Ons nooi alle ondersteuners uit om die dag saam met ons te kom geniet.

Krieket:
Laerskool:
Wedstryde teen Jeffreysbaai

o/13	Maandag, 28 Januarie. Bus vertrek om 12:00	-	Weg
o/11	Dinsdag, 29 Januarie. Bus vertrek om 12:00	-	Weg

Hoërskool:
Wedstryd teen Framesby

o/19	Woendag, 30 Januarie. Bus vertrek om 11:00	-	Weg

Tennis: Hoëerskool
Wedstryde

Dogters	29 Januarie	-	Pearson	-	Weg
Seuns	31 Januarie	-	Woodridge	-	Weg

4. **Finansies**:
Vorms vir verminderde skoolfonds is by mev. Mattheus beskikbaar. Dit is die ouers se verantwoordelikheid om vorms te kom haal en die vorms MOET TEEN 31 JANUARIE TERUGBESORG word aan die skool.

Busgeld, sowel as Gr1-2-boeke, MOET teen 31 Januarie betaal word.

INTERNET GENERATION
Igen internet generation
Wireless Internet
www.igen.co.za

BANKBESONDERHEDE

SKOOL:
Bestuursliggaam HS McLachlan ABSA Joubertina Rekening no: 1970 430047 Takkode: 334415

5. **Akademies**:
   Woensdag 30 Januarie:
   Gr.6- en Gr.7 ekstra wiskundeklasse vanaf 14:15-15:00 in mnr. D. Terblanche se klas.
   Gr.8- en Gr.9 ekstra wiskundeklasse vanaf 14:15-15:00 in juf. V. Hatton-Jones se klas.

6. **Matriekafskeid**:
   Die Graad 11-klas verkoop R10-lootjies vir `n skaap. Ondersteun asb. die kinders, aangesien dié fondse vir die matriekafskeid aangewend sal word.

7. **INDIVIDUELE SKOOLFOTO'S**
   Die individuele skoolfoto's word op Maandag, 11 Februarie 2019, by die skool geneem.
   'n Fotopakket kos R70. Die pakket sluit 1 X A5-,1 X Jumbo-, en 4 X Mini-foto's in.
   Elke jongste/enigste leerder sal op Maandag,28 Januarie 2019, 'n bestelvorm ontvang. Vul asseblief die bestelvorm korrek in en kram die korrekte bedrag kontant aan die bestelvorm vas.
   Slegs leerders wat vooruit bestel en betaal, sal afgeneem word.
   Die bestelling moet by u kind se registeronderwyser voor of op Vrydag, 9 Februarie 2019, ingegee word.

8. **Tegniese Vaardigheidskurrikulum (TVK)**
   Dit is verblydend om te kan meedeel dat die skool een van die 16 skole in die provinsie is om bogenoemde kurrikulum te loods.

   In opdrag van die Direktoraat vir Inklusiewe Onderwys, o.l.v. dr. G. Pieterse, word die kurrikulum aan leerders van ons eie skool bekendgestel. Sodanige leerders moet aan `n skolatiese toetsingsprosedure onderwerp word om as kandidate vir die TVK te kwalifiseer.Tans is 4 leerders van Hoërskool McLachlan deur die afdeling vir spesiale onderwys geïdentifiseer. Behalwe vir die verpligte akademiese vakke (tale, Wiskunde en Lewensvaardighede) vorm twee vaardigheidsvakke, nl. Kuns & Handwerk en Gasvryheidstudies, deel van die vaardigheidsprogram.

   Die gemeenskappe in die Langkloof is vir jare afgeskeep wanneer dit kom by die uitbreiding van skoolkurrikulums tot voordeel van die streek. Die bekendstelling van die TVK by Hoërskool McLachlan is `n klein, nederige begin met die vooruitsig van `n volwaardige vaardigheidskool vir die Langkloof.

   Oor die langtermyn kan ons `n verskil maak.

INTERNET GENERATION
Igen internet generation
Wireless Internet
www.igen.co.za

9. **VCSV-Kamp**
   Die eerste VCSV-kamp vir gr.7's op Jeffreysbaai vir ons streek word vanaf 1 tot 3 Feb 2019 gehou.
   Die jaar word met `n heerlike seeprogram afgeskop.
   Koste beloop R435 per leerder vir verblyf, etes en programmateriaal.
   Bus vervoer beloop R60 per leerder.
   Inskrywingvorms kan by mnr. Schlechter afgehaal en moet voor 29 Januarie weer met betalings by die skool ingegee word.

Stan Pienaar
Waarnemende Skoolhoof: Hoërskool McLachlan

Hoërskool McLachlan

INTERNET GENERATION
igen internet generation
Wireless Internet
www.igen.co.za

McLachlan Internet Fasiliteit Borg

AFSKEURSTROKIES:

BEAMPTE : KOUKAMMASONE: 26 JANUARIE 2019

Naam van ouer wat as beampte sal optree: _____
Kontaknommer: _____

Naam van gr.10-12 – leerder wat as beampte sal optree: _____
Kontaknommer: _____

Voorkeuritem: _____